*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**PRYS (AVB ingesluit) 30c PRICE (GST included)**
**BUITELANDS 40c ABROAD**
**POSVRY · POST FREE**

VOL. 204] KAAPSTAD, 30 JUNIE 1982 CAPE TOWN, 30 JUNE 1982 [No. 8280

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1276. 30 Junie 1982.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 98 van 1982: Wysigingswet op die Registrasie van Nuusblaaie, 1982.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 1276. 30 June 1982.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 98 of 1982: Registration of Newspapers Amendment Act, 1982.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



**Wet No. 98, 1982** WYSIGINGSWET OP DIE REGISTRASIE VAN NUUSBLAAIE, 1982

## ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# WET

**Om nuwe voorsiening te maak vir die registrasie van nuusblaaie en om vir dié doel die Wet op die Registrasie van Nuusblaaie en Drukkersname, 1971, en die Wet op Publikasies, 1974, te wysig; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 23 Junie 1982.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 4 van Wet 63 van 1971.

**1.** Artikel 4 van die Wet op die Registrasie van Nuusblaaie en Drukkersname, 1971, word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

„(4) *(a)* Indien die Minister oortuig is dat die uitgewer van 'n nuusblad ingevolge subartikel (1) geregistreer, hom nie vir dissiplinêre doeleindes onderwerp aan 'n liggaam bedoel in paragraaf *(a)* van die omskrywing van ‚publikasie of voorwerp' in artikel 47 (1) van die Wet op Publikasies, 1974 (Wet No. 42 van 1974), nie, kan die Minister bedoelde registrasie by kennisgewing in die *Staatskoerant* intrek.

*(b)* 'n Nuusblad waarvan die registrasie uit hoofde van die bepalings van paragraaf *(a)* ten einde loop, word nie weer sonder die goedkeuring van die Minister ingevolge subartikel (1) geregistreer nie, welke goedkeuring nie weerhou mag word indien hy oortuig is dat die uitgewer hom sal onderwerp soos bedoel in paragraaf *(a)* nie.".

Wysiging van artikel 18 van Wet 42 van 1974.

**2.** Artikel 18 van die Wet op Publikasies, 1974, word hierby gewysig deur paragraaf *(b)* van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

„*(b)* 'n uitgewer wat **[lid is van die Persunie van Suid-Afrika]** die houer is van dokumentêre bewys in paragraaf *(a)* van die omskrywing van ‚publikasie of voorwerp' in artikel 47 (1) bedoel en wat geen ander publikasie as 'n koerant uitgee nie.".

Wysiging van artikel 47 van Wet 42 van 1974, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 44 van 1979 en artikel 18 van Wet 70 van 1979.

**3.** Artikel 47 van die Wet op Publikasies, 1974, word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) paragrawe *(a)* en *(b)* van die omskrywing van „publikasie of voorwerp" deur onderskeidelik die volgende paragrawe te vervang:

„*(a)* 'n koerant wat uitgegee word deur 'n uitgewer wat nie **[lid is van die Persunie van Suid-Afrika nie]** die houer is nie van dokumentêre bewys dat hy hom vir dissiplinêre doeleindes onderwerp aan 'n onafhanklike en vrywillige ligaam (waarvan geen lede deur die Regering aangestel word nie) wat hom

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



## GENERAL EXPLANATORY NOTE:

**[ ]** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

_____ Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

**To make new provision for the registration of newspapers and for that purpose to amend the Newspaper and Imprint Registration Act, 1971, and the Publications Act, 1974; and to provide for matters connected therewith.**

*(Afrikaans text signed by the State President.)*
*(Assented to 23 June 1982.)*

BE IT ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 4 of Act 63 of 1971.

**1.** Section 4 of the Newspaper and Imprint Registration Act, 1971, is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(4) *(a)* If the Minister is satisfied that the publisher of a newspaper registered in terms of subsection (1) does not subject himself for disciplinary purposes to a body referred to in paragraph *(a)* of the definition of 'publication or object' in section 47 (1) of the Publications Act, 1974 (Act No. 42 of 1974), the Minister may cancel such registration by notice in the *Gazette*.

*(b)* Any newspaper of which the registration terminates by virtue of the provisions of paragraph *(a)* of this subsection shall not again be registered in terms of subsection (1) without the approval of the Minister, which may not be withheld if he is satisfied that the publisher will subject himself as contemplated in paragraph *(a)*.".

Amendment of section 18 of Act 42 of 1974.

**2.** Section 18 of the Publications Act, 1974, is hereby amended by the substitution for paragraph *(b)* of subsection (2) of the following paragraph:

"*(b)* any publisher who is **[a member of the Newspaper Press Union of South Africa]** the holder of documentary proof referred to in paragraph *(a)* of the definition of 'publication or object' in section 47 (1) and who does not publish any publication other than a newspaper.".

Amendment of section 47 of Act 42 of 1974, as amended by section 2 of Act 44 of 1979 and section 18 of Act 70 of 1979.

**3.** Section 47 of the Publications Act, 1974, is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for paragraphs *(a)* and *(b)* of the definition of "publication or object" of the following paragraphs, respectively:

"*(a)* any newspaper published by a publisher who is not **[a member of the Newspaper Press Union of South Africa]** the holder of documentary proof that he subjects himself for disciplinary purposes to an independent and voluntary body (none of whose members shall be appointed by the Government)

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*





beywer vir die bereiking en handhawing van die hoogs moontlike standaarde deur persone wat nuus versprei, en wat deur die Minister erken is by kennisgewing in die *Staatskoerant*;

*(b)* 'n boek, tydskrif, pamflet, aanplakbiljet of ander drukwerk, behalwe 'n aanplakbiljet uitgereik as advertensie van 'n koerant uitgegee deur 'n uitgewer wat **[lid is van die Persunie van Suid-Afrika]** die houer is van dokumentêre bewys in paragraaf *(a)* bedoel;"; en

*(b)* deur in subartikel (1) in die omskrywing van „rolprent" die woorde wat op paragraaf *(c)* volg deur die volgende woorde te vervang:

„maar nie ook 'n rolprent, soos omskryf in paragraaf *(a)*, *(b)* of *(c)*, wat deur **[die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie of]** 'n Staatsdepartement ingevoer of vervaardig word nie;".

Kort titel en inwerkingtreding.

**4.** (1) Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Registrasie van Nuusblaaie, 1982, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

(2) Verskillende datums kan kragtens subartikel (1) bepaal word ten opsigte van verskillende bepalings van hierdie Wet.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



striving for the attainment and maintenance of the highest possible standards by persons disseminating news, and which is recognized by the Minister by notice in the *Government Gazette*;

*(b)* any book, periodical, pamphlet, poster or other printed matter except a poster issued as an advertisement of a newspaper published by a publisher who is **[a member of the Newspaper Press Union of South Africa]** the holder of documentary proof referred to in paragraph *(a)*;"; and

*(b)* by the substitution in subsection (1) in the definition of "film" for the words following upon paragraph *(c)* of the following words:

"but does not include any film, as defined in paragraph *(a)*, *(b)* or *(c)*, imported or made by **[the South African Broadcasting Corporation or]** any Department of State;".

**Short title and commencement.**

**4.** (1) This Act shall be called the Registration of Newspapers Amendment Act, 1982, and shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

(2) Different dates may be fixed under subsection (1) in respect of different provisions of this Act.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*

GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS (EDMS) BPK, KAAPSTAD—BB3315/13 400.
PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS (PTY) LTD, CAPE TOWN—BB3315/13 400.